# SKAPULA FRAKTUUR

**Oorsig:**

Die skapula of bladbeen vorm saam met die humerus en klavikel die skouergewrig waaraan die skouergordelspiere geheg is. Die laterale rand van die skapula nek word die glenoïed fossa genoem en vorm die potjie gedeelte van die skouer se bal-en-potjie gewrig. Die skapula en al sy uitsteeksels of prosesse word deur die omliggende spiere van die borskas, rug en skouer beskerm. Daarom is skapula frakture nie algemeen nie. Wanneer hulle wel voorkom vind die frakture plaas deur die skapula se liggaam en sy spina en word die glenoïed nek, glenoïed holte, die akromion en die korakoïed proses in hierdie volgorde van frekwensie betrek.

**Oorsake:**

Oorsake van meeste skapula frakture is hoë energie trauma soos wanneer iemand van 'n hoogte val of in motorongelukke. Hierdie toestande veroorsaak gewoonlik bykomende beserings soos ribfrakture, longbeserings, hoofbeserings, humerus frakture en werwel frakture.

**Simptome:**

Dit mag wissel na aanleiding van die spesifieke area waar die fraktuur plaasvind maar behels gewoonlik pyn en swelling en inperking van beweging van die arm sowel as teerheid oor die skouer en soms ook ontwrigting van die skouergewrig.

**Klassifikasie:**

Daar is verskeie klassifikasies wat gevolg kan word. Oor die algemeen word frakture geklassifiseer volgens waar dit voorkom, die fraktuurpatroon en of die frakture in kombinasie met ander areas voorkom. Veelvuldige frakture kom ook voor.

**Behandeling:**

Behandeling wissel na aanleiding van die uitgebreidheid en die ligging van die fraktuur. Die meerderheid van gevalle genees op sigself en word behandel met 'n stutverband om die arm stil te hou en vroeë oefeninge om omvang van beweging te verkry. Wanneer daar noemenswaardige betrekking van die glenoïed nek, die glenoïed holte of die gewrigsoppervlaktes van die glenoïed is, of wanneer die vel oor die fraktuur gepenetreer is, word chirurgie uitgevoer om dit te herstel. Dit behels gewoonlik instrumentasie waarmee die frakture gestabiliseer word totdat dit genees is.